# Graad 7 Huistaal Leesboek

## Volksverhale [p.2]

Behandel die teorie oor volksverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

### *Meneer-van-'n-Meneer* [p. 5]

***Moontlike antwoorde***

### *Uilspieël betaal met die klank van geld* [p. 9]

***Moontlike antwoorde***

### *Die Hunks en die Duiwel* [p. 12]

***Moontlike antwoorde***

### *Hlaulu en die bosdier* [p.17]

***Moontlike antwoorde***

### *Die wolfkoningin* [p. 23]

***Moontlike antwoorde***

# Kortverhale [p.29]

Behandel die teorie oor kortverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

## *’n Emmer tanne vir ’n hospital holbekke* [p. 31]

**Moontlike antwoorde**

1. Sy het nie mooi geweet wat sy doen nie.
2. a) Eers was die glase te veel om met een slag te dra
   b) Sy kry toe ‘n emmer en sit die tande daarin
   c) Die tande raak toe heeltemal deurmekaar.
3. a) Volgens my
   b) Al die valstande
   c) hulle eienaars
   d) sodat hulle kan eet
   e) sy vlieg/storm/hardloop daar weg
   f) ry op die rand van die binneband (in terme van ‘n kar se wiele) – hier beteken dit hulle kou op hulle tandvleis se binnekant waar die tande moes wees.
   g) vanmôre
4. Variasies van die volgende paragraaf in eie woorde: “Maar dis moeilik om uit te maak watter groottes en skeeftes en kleure by mekaar hoort; dit wissel van pêrelwittes tot pruimtwakbruines, van kleintjies soos ’n muis s’n tot by beitels soos dié van ’n perd, van yslike bakke tot dié wat hoort by ’n verkrimpte gesiggie.”
5. Variasies van die volgende paragrawe in eie woorde en dialoog:
   - “Suster, wat met my tanne gebeur het, weet ek nie. Dit smaak my of ek ve’môre met ’n paar skeefgetrapte skoene probeer kou het,”
   - Suster, was myne maar soos ’n paar skeefgetrapte skoene. Ek het om my brekfiseiertjie ’n dans uitgevoer, jy kan sê, met ’n nommer-vyf-pantoffel en ’n nommer-elf-armyboot.”
   - “Ai, my kind, ek was dan nou net aan die beter word, en nou voel ek so mismoedig. Dis kompleet of my bo-kop gekrimp het. My tandvleis kom nie innie gleuf van my tanne in nie; ek byt al op die bo-plaat se verhemelte laans.”
   - ’n Ander een kla dat sy met haar onderkakebeen buite die stelletjie om byt. “Suster, ek had aanmekaar die tanne ennie kos deurmekaar. Dit was op nerf na of ek sluk die hele spulletjie in.”
   - “Suster, ek het nie my leesbril hier nie. Maar dis die hardste eier wat ek in my leefdag geëet het. Ek het ’n stuk tussen my tanne ingebyt en ek kan hom nou wragtag nie uitkry nie.”
   - “Suster, jy moet vir my hier ’n dokter kry om my tong te lap. Hy’s toiingrig soos ’n sak waarmee ’n klomp kleinhonne ’n nag omgespeel het. Ek kon vanmôre byt soos ek wil, maar dit bly verkeerd.”
   - “Suster, my troue ou malers het ve’môre die gees gegjee. Dit smaak my die nursie het hulle skoon gekook en toe in ’n trek neergesit laat hulle kon afkoel. Kyk hoe oorhoeks is hulle. Ek kou lat ek bars, maar ek kry nooit meer as net twee tanne op ’n slag bo mekaar nie.”
   - Een ou tante probeer haar mond toe kry, maar sy bly glimlag van oor tot oor.
   - ’n Ander se lippe vou rolle voor sy nog die tande op mekaar het.
   - Nog een lyk of sy haar kieste opgeblaas het; ’n ander een se gesig is skeef.

- “Jy moet maar hier op die vloer in die blik kyk. Ek het hulle weggesmyt. Ek het van die vervloekste goed nog net pyn en smarte gehad vannie dag lat ek hulle gekry het. Maar vanmôre is hulle meer as erg. Toe sê ek: Dissie laaste; weg is julle.”
  - Ja, en myne voel ve’môre soos twee bekrekkers wat ek hier glyk in my mond het. Ek is lus en raak van hulle ook ontslae.”

6. a) Dat sy eers al die bo-tande sal was, dan kan sy die onder tande op die bo-tande pas. En dan vat sy weer die onder tande.
   b) Dat die leerlingverpleegster eerder in ‘n hotel moet gaan werk waar sy kan skoene was.
   c) Eie interpretasie.

## *’n Vark en ’n dag* [p. 38]

**Moontlike antwoorde**

1. Een van die ouer kinders vertel die storie/Ooggetuie. Verskeie persoonlike voornaamwoorde word gebruik
2. ’n Vark word gevang.
3. Hy het min swart hare en dit staan regop.
4. “Wat die volgende oomblik gebeur het”
5. Sy voet het gegly.
6.

| | |
|---|---|
| By ’n heining wat vier doringdrade om het | |
| Deur die modder | |
| Tussen die kinders rond met die wegspring | |
| Verby Moses se kar die eerste keer | |
| Verby tant Daisy | |

7. Almal moes kalm bly en ’n sirkel om die varkie vorm.
8. Vasberade
9. Mnr. Cohen het voor die varkie ingespring en hom aan sy agterpoot gegryp.
10. Hy het gedink dit was ’n goeie dag want die dominee het ’n ander broek gekoop, oom Koot het gebad, tant Daisy het oefening gekry en Moses het sy eerste heldedaad verrig.

## *Die laaste swaai* [p. 47]

**Moontlike antwoorde**

1. Robbie studeer volgens ’n studierooster, val van die swaai af, moet eksamen skryf onder toesig van Juf Hugo, is uiteindelik een van die wenners van die kompetisie a.g.v. sy punte.
2. Watter gebeure pas by elke stadium:
   a) Krisis is wanneer Robbie van die swaai af val.
   b) Die hoogtepunt/klimaks is wanneer hy een van die wenners is.
   c) Die spanning word opgebou deur die ongeluk en die onsekerheid oor wie die wenners sal wees.
3. Hoe leer ons die karakters ken:
   a) Innerlike botsing/konflik by Robbie – sal hy ’n studierooster opstel of nie, sal hy gaan swaai of nie, sy pyn en ongemak na die ongeluk, sy gevoelens oor die juffrou, sy onsekerheid oor die kompetisie.
   b) Mnr. Buys en Juf. Hugo speel albei ’n groot rol. Hulle uiterlike voorkoms, woorde, houdings en maniere van doen word beskryf.
4. a) ’n Alomteenwoordige derdepersoonsverteller

b) Dit handel oor ‘n seun wat ’n besering opgedoen met ‘n swaai en die impak daarvan op sy lewe.
c) Oop antwoorde
d) Oop antwoorde
e) ’n Studierooster help jou om leerwerk te beplan sodat jy genoeg tyd het vir alle vakke.

5. Oop antwoorde

## *’n Kind en ’n vis* [p. 56]

**Moontlike antwoorde**

1. Intrige
   a) Dit handel oor ‘n kind wat graag ‘n groot vis wil vang, maar hy weet nie hoe nie. Gelukkig ontmoet hy ’n man en sy seun wat visvang en deur hulle dop te hou, beraam hy ‘n plan om self die groot vis te vang, wat hy dan ook doen, maar uiteindelik verskaf dit vir hom geen plesier nie.
   b) einde: waar hy die vis vang
   c) Deur die beskrywing van die vis se (amper onheilspellende) voorkoms; herhaling van die feit dat die vis vir die kind bangmaak, kind se gevoelens tydens swem, plek waar die vis skuil, woordgebruik; beelde wat gebruik word (vergelykings, ens.)
   d) Ons leer vir Mthetu ken as ’n dromer, maar tóg ’n praktiese Zoeloe-seun wat dinge uit sy omgewing kan gebruik om ‘n plan te maak: d.m.v. sy optrede(handelinge), emosies, gedagtes.
   e) Hy is bang vir die vis, sien die vis as iets onheilspellend, maar wil hom graag vang, hy weet net nie hoe nie.
2. Die vis het hom aan sy vinger gebyt, terwyl hy met sy hand in die water gespeel het.
3. Hy het baie groot geskrik en van skok het sy asem met rukke en stote uit sy bors gekom.
4. Hy swem ver van die vis se lêplek af, hy hou tussen sy bene vas, hy wou nie aan die vis raak nadat hy hom gevang het nie.
5. Hulle het ’n vierwiel-bakkie gery: “... het ’n kar sonder ’n dak gestaan”; “. . . na die groot wiele.” “Die kar het ’n entjie teruggery, en toe skerp gedraai en teen die steilte uitgery.”
6. Dit was nie deel van sy ervaringsveld /kultuur nie, want hy was nie gewoond aan vis as ‘n voedselsoort nie/het nog nooit ‘n visstok gesien nie/het nie geweet ‘n mens kan ‘n vis vang nie/leerder se eie antwoord.
7. Leerders se eie, logiese antwoorde in volsinne – met motivering.
8. ‘n Mens sou dink dat hy die vis sou saamneem om te spog en te eet, maar hy was teleurgesteld en sou eerder verkies het dat die vis nog in die water was sodat hy daarna kon kyk en daaroor kon droom.
9. Individuele antwoorde.

## *Die fluitspeler* [p. 69]

**Moontlike antwoorde**

1. a) Tim hoor by Oupa van die fluitspeler en later hoor hy die klank daarvan self.
   b) Inleiding: Beskrywing van die Laan
   Ontwikkeling: Oupa se verhaal
   Krisis: Tim gaan alleen en hoor die musiek
   Klimaks: Tim dink dis ‘n spook
   Slot: Die polisieman wys vir Tim waar die musiek vandaan kom
   c) Die leser wonder saam met Tim waar die musiek vandaan kom
   d) Beskrywing van hulle woorde, optrede en gevoelens
   e) Voorbeelde uit die teks van Tim se onsekerheid en twyfel
2. Hy dink dat daar altyd iets nuut te sien is.

3. Hy het gedink hy hoor die fluitspeler se spook wat speel op die fluit.
4. Eie logiese, gemotiveerde antwoorde.
5. “In my jongdae”, sê Tim se oupa, “was daar darem baie interessante mense in hierdie Laan te sien.”
6. a) Hy wil nie vir sy ma sê dat hy nagmerries kry oor ‘n storie wat sy oupa vir hom vertel het nie, want hy is lief vir hom en wil hom nie in die moeilikheid laat beland nie.
   b) Hy bewonder sy oupa as ‘n held van die Tweede Wêreldoorlog.
7. Die leser wil uitvind waarom hoor hy die fluitspeler se fluit/wie se musiek hoor hy.
8. Die moontlikheid van iets bo-natuurliks skep spanning.

# Gedigte [p.82]

## *Die spook* [p. 82]

**Moontlike antwoorde**

1. Die spook was regs, skuins agter die spreker, net langs die drif.
2. “wit gevaarte”, “dreigend groot”, “wit gedrog”, “breed en plat”
3. In versreël 4 is hy bang/skrik hy en in versreël 31 is hy kwaad.
4. Hy vra eers of jy al ‘n spook gesien het en dan sê hy dat *hy* wel een gesien het: dus ’n lewende getuie.
5. “My das het in die wind geflap”
6. Die spook het hom nie agtervolg nie, maar was nog steeds by die drif.
7. Om aan te toon dat hy al die tyd vinnig bly jaag het.
8. Omdat hy verleë voel. Hy het eintlik ‘n gek van homself gemaak om so vreeslik vir ‘n donkie te skrik.
9. “Klap-klappe-klap” of “whôô-hoewhô”
10. Dwarsdeur die gedig bou die spanning op en die leser hoop maar dat die spreker aan die kloue van die spook gaan ontkom, dan is daar glad nie enige spook nie, maar ’n donkie.

## *Die ruiter van skimmelperdpan* [p. 85]

**Moontlike antwoorde**

1. Die spook jaag om die draai in die mond van die kloof op pad na die Skimmelperdpan.
2. Jan van der Meer.
3. “Waarom jaag jy my elke nag op?”/“Sal daar nimmer ’n einde kom”
4. Hy het voor die vyand gevlug en was op pad na sy huis toe.
5. Sy kop is afgeskiet/ Hy is onthoof en jaag so op die perd.
6. Die man klou nog krampagtig aan die saal, die bloed spuit ’n boog uit sy nek, die perd se neusgate is wyd gesper, met skuim om sy bek, jy hoor die hoefslae en die vuurvonke spat waar hy hardloop.
7. Daar is drie spoke: die man, sy vrou wat flou val in die deur en die waansinnige vrou in die vervalle gebou.
8. Dis middernag, met die newelige lig van die maan, ’n wind wat deur die kloof waai en huil. Die geboue wat genoem word, is vervalle.
9. Ja. Dis skrikwekkend, aaklig. / Nee, ek sal nogal daarvan hou om dit te beleef en te sien of dit werklik so erg is.
10. Dis ’n aanhoudende galop net soos die verskyning ook elke keer weer gebeur. Dis eindeloos.

## *Wetenskapmannetjies* [p. 88]

**Moontlike antwoorde**

1. Die wetenskapmannetjies is seuns of manne wat in die wetenskap belangstel.
2. Wetenskap of dalk wiskunde.
3. Julle kyk op na die son wat eendag gaan verdwyn – spreker kyk van die windpomp af na die sonsondergang (son verdwyn elke dag en verskyn dan weer)
   Julle presteer blykbaar in wetenskap – spreker kry 26%
   Julle konsentreer op syfers en eensaamheid – die spreker op vreugdes en hartseer – emosies en lewe
4. Pateties
5. Dit verwys verkleinerend na hulle. Dit kan ook toon dat die spreker hulle jammer kry waaroor hulle mis.
6. Die spreker kies die natuur eerder as die strak wetenskap.
7. Daar is geen interaksie met mens, met lewende dinge en daarom ook geen emosie nie.
8. Die korhaan se roep, die sonsondergang, die plante.
9. "bloei", "gloei", "verskroei" wys hoe die son eers rooi gloei en die bome daarvoor silhoeëtte vorm soos die son ondergaan.
10. Ja. 'n Mens het ander mense en die natuur nodig om gelukkig te wees. Nee. Ek is heeltemal gelukkig om net die dinge te doen waarin ek belangstel.

## *Luisterswaeltjies* [p. 91]

**Moontlike antwoorde**

1. Hulle luister na die mense se telefoongesprekke.
2. Hulle hoor wanneer die mense kla en sê dit gaan kouer word.
3. Noorde: warm welige somer en suide: koue uit die barre suide
4. Want dis besig om winter of koud te word.
5. Hulle wens hulle kan ook liewer blywende somer hê.
6. Die swaeltjies sit op die telefoondrade en dit lyk asof hulle luister wanneer om te vertrek.
7. "telefoondraad" en "praat". Praat is wat 'n mens met 'n telefoon doen en die drade is die verbinding.
8. Paarrym twee-twee versreëls rym.
9. <u>w</u>arm <u>w</u>elige
10. Nee daar is nog rym en dus nie vrye vers nie.

## *Papegaai* [p. 93]

**Moontlike antwoorde**

1. Dis die eienaars van die papegaai /die huismense/ gesin.
2. Dis die papegaai.
3. Hy is 'n troeteldier.
4. Dit is die papegaai se kou waarin hy moet bly.
5. Hy moet praat.
6. Hy sê niks nuuts nie, maar herhaal net wat die mense gesê het. Eintlik luister hulle dus na hulleself.
7. "eggo"
8. "ystergordyn" "plastiektakkies" "na-praat"
9. Hy moet net dom herhaal wat hulle van hom verwag.
10. Dit lyk na 'n beskuldiging. Die vinger word na "hulle" gewys.

## *Fabel* [p. 95]

**Moontlike antwoorde**

1. In die klam grond onder die misbredie.
2. Hulle word middeldeur gespit.
3. Hulle stry oor eiendomsreg. Waar is watter een se huis.
4. Want elke wurm is nou twee. Wie behou die blyplek en watter een moet 'n nuwe plek gaan soek?
5. Elke wurm bestaan nou uit twee dele en daarom kan hy homself – die ander stuk – groet.
6. "ruk slymerig"
7. Want dis dieselfde wurm wat nou in twee stukke is en elkeen is nog steeds ek. En die ander een is jy maar daar is nou twee van elkeen.
8. Eers het hulle gestry en nou is hulle beleefd.
9. Eiegeregtig, selfsugtig, wou nie deel nie.
10. Mens (en erdwurms) moet leer om saam te leef. Moet mekaar ruimte gun.

## *Die spookhuis* [p. 97]

**Moontlike antwoorde**

1. Die huis staan buitekant die dorp tussen bosse.
2. Dit spook in die nag as die witoogmaantjie skyn.
3. Miskien is die duif ook 'n spook, of miskien wil dit die mens wat daar kom, waarsku.
4. "eenkant"; "verlate"
5. "bek", "suig" en "tong"
6. rotte, vlermuise en spinnekoppe, almal grillerige diere.
7. Wanneer jy daar kom, ruk die deur sy bek oop (en sluk jou in) en wanneer jy uitgaan is dit maar net 'n stukkende deur.
8. "sweet" en "ys" dui op die angstigheid van die spreker.
9. Wanneer die spreker buite kom, is daar geluide van die krieke en paddas en mense en beweging. Daar is lewe. Die spreker is ook nie meer alleen nie.
10. Eie motivering. Ja, ek glo nie in spoke nie. Dink jy werk jouself net op. Nee, as jy dit al beleef het . . .

## *Oppie Parara* [p. 100]

**Moontlike antwoorde**

1. Die vrugteverkoper en die vrou.
2. papajas, piesangs, druiwe, vye, kaalperskes, koejawels.
3. "suur"
4. Hy beveel al die vrugte aan, elke keer 'n ander soort. Hy besing hulle eienskappe.
5. Die stalletjie straal vreugde/geluk uit. Dit kan haar dalk ook minder suur maak.
6. Sy dreig om die polisie te roep.
7. Dit sal sommer moedswillig wees. Hy het met haar gepraat en sy groet nie eens nie.
8. "jou, jou koelie"
9. . . . die vrou wat vinnig wegstap.
10. Ja, as mens die Engelse woorde net verstaan, kan jy die gedig ook verstaan. Nee, die baie Engelse woorde en die snaakse spelling maak dit moeilik.
    Dit is die spreektaal van die spreker.

### *Op die pad na Nooitgedacht* [p. 103]

**Moontlike antwoorde**

1. Die spook verskyn op ʼn donker aand wanneer die sekelmaan skyn.
2. Die burgers het hom doodgeskiet.
3. Hy het gehoor dat niemand op ʻn donker aand daarheen moet gaan nie, maar hy was vasbeslote om alleen te gaan en te kyk wat gebeur/ of dit waar is.
4. Vuurvonke spat uit die hoewe van die skurk se perd en vlamtonge is te sien want hy skiet uit die saal.
5. skurk
6. Die spreker sê dat die huis die beste plek sal wees, want hy ken gevaar.
7. Dit kan ook beteken dat die spreker nooit gedink het die storie is waar nie.
8. "want hy weet die dood kom hom haal"
9. Dis gepas want in albei gevalle is daar blitse en ʼn groot lawaai, en soos druppels val die koeëls om hulle heen.
10. Elke strofe eindig met twee versreëls wat herhaal word. Dit word ʼn refrein genoem.

### *Wat is die verskil tussen katte en muise?* [p. 107]

**Moontlike antwoorde**

1. Katte, muise, perde en luise.
2. Hulle het almal sterte.
3. Hy sit dromerig doer in die verte en staar.
4. Hulle het luise op hulle lywe maar nooit ʼn muis of ʼn kat wat op hulle lywe nie.
5. 

| **Perd** | **Kat** | **Muis** | **Luis** |
|---|---|---|---|
| stert | stert | stert | kat |
| luis | luis | luis | muis |

6. "doer" beteken juis daar ver.
7. Want die perd is ook ʼn huis vir ʼn luis.
8. "luis" en "huis"
9. Nee ek dink nie so nie. Albei het luise en sterte.
10. Ja dit was pret, oulik, anders. / Nee dis te deurmekaar. Dieselfde goed word oor en oor herhaal.

## Drama [p.111]

Behandel die teorie oor dramas met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en elemente aan hulle.

### *Yslik baie oeslak* [p. 112]

**Moontlike antwoorde**

1. Die belangrikheid van water word beklemtoon.
2. Mong is opreg bekommerd oor sy mense op ʼn vreemde planeet en wil aan hulle ʼn uitkoms gee.
3. Pieter is ʼn moedswillig seun. Hy hou daarvan om grappies te maak sonder om die effek op ander se lewens te besef.
4. Pieter het aangedui dat meisies nie kennis oor die ruimte beskik nie.
5. Hy/sy was alomteenwoordig.
6. Mong soek dringend water en van die tieners ondersteun hom.

7. “Die tieners kom stadig ingeloop en kyk om hulle rond”
8. Toe die tieners moes vasstel dat hulle verdwaal het.
9. Die oomblik toe hulle weet wat “oeslak” is.
10. Mong kon soveel water saamneem as wat hy kon om sy planeet te red.
11. Lys kenmerke van water:
    Dit laat plante groei en mens kan nie daarsonder klaarkom nie.
    Dit kan ligbreking veroorsaak.
    Dis kleurloos.
    Dit kan in ’n gekristalliseerde vorm voorkom.
    Dis ’n onuitputlike hulpbron.
    Dit kan vastelande vorm.

## ***Boomhuis, droomhuis*** **[p. 129]**

**Moontlike antwoorde**

1) Leon Reinhardt
2) Doom het ’n stadige manier van praat en hy praat soos iemand wat preek.
3)

| **Haas** | **Kerrie** |
|---|---|
| probeer Bakkies verdedig | lap alles uit |
| gee samewerking aan grootmense | hardekoejawel met grootmense |
| nie bakleierig nie | boelie vir Bakkies |

4) Hy dink kinders is vernielsugtig en vang kattekwaad buite hul huise aan.
5) Ja: sy boomhuis is slegs die heel boonste deel waar hy op sy eie kan wees. Dit staan dus nie op die fabrieksgrond nie. OF
   Nee: die kratte en ander rommel waarop sy boomhuis rus, is op die fabrieksgrond. Dit is deel van sy toegang tot die boomhuis en daarom is dit dan op mnr Vermeulen se grond.
6) Hy het moontlik swaar grootgeword en baie hard gewerk vir dit wat hy het. Daarom is sy besittings vir hom so belangrik.
7) Bakkies: hy doen altyd sy huiswerk en gee nie probleme nie. OF
   Haas: hy is eerlik en nie bakleierig nie. OF
   Droom: hy verstaan kinders se probleme en beskerm hulle.
8) Mense is so besig om geld te maak dat hulle vergeet van kinders wat nog nodig het om te droom/in die stad is daar nie veilige plek waar kinders nog kinders kan wees en vrylik kan speel of boomhuise bou nie.
9) Ja. Dit gaan hier oor Bakkies se boomhuis waarin hy kan sit en droom. Later is mnr Vermeulen ook besig om te droom oor hoe hulle die omgewing kan omskep sodat kinders regte boomhuise kan bou.
10) Mnr Vermeulen se droom/Bakkies se boomhuis/Die boomhuis/’n Droom word waar/enige soortgelyke antwoord